**DIE DRIE-EENHEID WAARVAN GEEN WOORD IN DIE SKRIF GEREP WORD NIE**

In die bekende Geloofsbelydenis van Athanasius, wat teen die jaar 500 n.C.ontstaan het en deur talle katolieke en protestantse kerke as gesaghebbend aanvaar word, word onder meer die volgende oor die "Godheid" gesê: "Ons eer die één God in die drievuldigheid ... sonder om die persone te vermeng of die substansie te deel, want die Vader is 'n ander (persoon), die Seun 'n ander (persoon) en die Heilige Gees 'n ander (persoon), maar die Vader, Seun en Heilige Gees is één Godheid". In die Nederlandse Geloofsbelydenis wat net so algemeen aanvaar word, word onder meer bely: "Ons glo in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees, wat van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie."

Die vraag is of hierdie belydenis, wat deur die oorgrote meerderheid van Christelike kerke gedeel word, 'n getroue weerspieëling is van dit wat die Skrif oor die sg. "Godheid" leer. Dis 'n vraag wat nie net bloot van akademiese belang is nie. Dis nie maar net 'n vraag wat daarop gemik is om 'n argument uit te lok nie. Daar is hier veel meer op die spel as net maar 'n interessante bespreking van 'n aktuele onderwerp. Dit gaan hier oor niks minder nie as oor die identiteit en die waarheid aangaande die Almagtige, die Skepper, die Onderhouer, die Opperheerser van hemel en aarde. Wie is Hy werklik en hoe moet ons aan Hom dink?

Dit moet dadelik gesê word dat ons nie 'n "Godheid" aanbid nie. Ons aanbid nie 'n begrip of 'n stelsel of 'n filosofie nie. Nee, ons aanbid 'n unieke, lewende Wese wat Homself sodanig aan die mens openbaar dat dit nie nodig is om 'n vae begrip soos "Godheid" vir Hom te gebruik nie. 'n Tweede opmerking wat reg uit die staanspoor gemaak moet word, is dat daar reg deur die Skrif ondubbelsinnig geleer word dat daar net één ware Almagtige is wat ons mense se verering en aanbidding waardig is (vgl. Deut 4:35; Deut 6:4; Deut 32:39; 1 Sam 2:2; Jes 45:5-6; Jes 46:9; Jes 48:12; Mark 12:29; Joh 17:3; 1 Kor 8:4-7; Gal 3:20; Efes 4:5-6; 1 Tim 2:5; Jak 2:19). Die Naam van hierdie Elohim volgens Eks 3:14-5 is Yahweh.

Wat van die Seun en die Gees? Moet (of mag) ons die Seun en die Gees beskou as "ander persone", maar dieselfde "een enige Wese" as die Vader? Die klassieke verstaan van die "Drie-eenheid" as drie persone binne een wese is 'n onskriftuurlike en verwarrende poging om Vader, Seun en Gees met mekaar in verband te probeer bring. Dis 'n formulering wat lank na die dood van die vroeë apostels onder kerkleiers begin voorkom het en wat tot vandag toe nog in die meeste christelike kerke gehandhaaf word. Die geloofsbelydenis van Athanasius gaan selfs so ver as om te sê: "Wie dus salig wil word, moet so oor die Drievuldigheid voel". Onder diegene wat in alle eerlikheid die waarheid soek, sal daar egter baie wees wat erken: Dit is onmoontlik om aan drie "onderskeie" (d.w.s. verskillende) persone te dink sonder om aan 'n meervoudige wese (en daarom in werklikheid aan meer as een Elohim) te dink. Om 'n formule soos "drie persone, maar een wese" te gebruik is 'n gespeel met woorde wat nie reg laat geskied aan die manier waarop die Skrif oor die een, ware Elohim praat nie.

In die Encyclopaedia Britannica (1974, vol. 10, p. 126) word die volgende stelling gemaak: "Neither the word Trinity nor the explicit doctrine appears in the New Testament, nor did [Y'shua] and His followers intend to contradict the Shema of the Old Testament: 'Hear, O Israel: [Yahweh] our [Elohim] is One' (Deut. 6:4)." Die New Catholic Encyclopaedia (1967, vol. 14, p. 299) sluit hierby aan: "The formulation 'one God in three Persons' was not solidly established, certainly not fully assimilated into Christian life and its profession of faith, prior to the end of the 4th century....Among the Apostolic Fathers, there had been nothing even remotely approaching such a mentality or perspective." Daar is vandag heelwat bronne wat die skokkende onthulling maak dat die konsep van 'n "Drie-enigheid" teruggevoer kan word na 'n gebruik van talle heidennasies wat lank voor die Christelike era reeds 'n sg. "trinity of gods" aanbid het. So byvoorbeeld skryf Alexander Hislop in The Two Babylons: "Will anyone after this say that the Roman Catholic Church must still be called Christian, because it holds the doctrine of the Trinity? So did the pagan Babylonians, so did the Egyptians, so do the Hindoos at this hour, in the very sense in which

Rome does". Dit word bevestig deur die historikus, Will Durant in The Story of Civilization, Vol. III: "Christianity did not destroy paganism; it adopted it...The Greek language, having reigned for centuries over philosophy, became the vehicle of Christian literature and ritual ... From Egypt came the ideas of a divine Trinity".

As daar net een ware Elohim is en sy Naam is Yahweh, wie is die Seun, Y'shua, en wat is sy verhouding tot die Vader? Kom ons probeer om die getuienis van die Skrif in sy geheel so getrou as moontlik na te speur:

Daar is reeds in vorige studies aangedui dat die Naam van die Messias, "Y'shua", beteken letterlik "Yahweh is Verlossing of Verlosser". Dit dui minstens daarop dat Y'shua na die wêreld gestuur is om te illustreer wat dit beteken dat Yahweh ons Verlosser is (vgl. Eks 15:2; Ps 118:14; Jes 12:2). Die Skrif leer dat Y'shua se koms na hierdie wêreld reeds voor die grondlegging van die wêreld deel van Yahweh se plan en wysheid was, maar dat Hy eers "in die volheid van die tyd" deur Yahweh "uitgestuur" is, uit 'n vrou gebore is (Gal 4:4) en op 'n unieke manier uitvoering gegee het aan Yahweh se plan van verlossing. Die opvatting dat Y'shua voor sy geboorte as "Yahweh" of as 'n tweede Persoon naas die Vader bestaan het, is 'n direkte uitvloeisel van die leerstuk van die drie-eenheid en kan nie sonder meer aanvaar word nie. So 'n opvatting word glad nie deur die Ou Verbond ondersteun nie. Gedeeltes in die Nuwe Verbond wat daarop dui dat Y'shua "gestuur" is, "uit die hemel" gekom het of "neergedaal" het, is die tipies Hebreeuse manier om te sê dat Y'shua se lewe en werk deur Yahweh self voorberei, gesanksioneer en moontlik gemaak is en nie met die lewe en werk van enige ander mens vergelyk kan word nie.

Die Skrif stel dit verder ook duidelik dat die Seun Hom aan die Vader onderwerp het en sy outoriteit geheel en al van die Vader ontvang het. Daar is 'n bepaalde rangorde tussen die Vader en Seun wat ons nie uit die oog mag verloor nie en ook nie mag probeer uitskakel nie. Dit kom onder meer in die volgende gedeeltes na vore: Ps 110:1; Jes 42:1; Jes 53:11; Matt 19:17; Matt 26:39; Matt 26:64; Matt 28:18; Mark 10:18; Mark 14:36; Mark 16:19; Luk 18:19; Luk 22:42; Joh 5:19; Joh 10:29; Joh 13:16; Joh 14:28; Joh 20:21; Hand 5:31; Hand 7:55; Rom 8:34; 1 Kor 11:3; 1 Kor 15:28; Efes 1:20; Fil 2:9; Kol 3:1; Heb 1:3; Heb 8:1; Heb 10:12; 1 Pet 3:22.

In die lig hiervan moet ons weer kyk na uitsprake soos wanneer Y'shua getuig dat hulle wat Hom ken ook die Vader ken (Joh 8:19); dat Hy en die Vader een is (Joh 10:30 " Let Wel dieselfde soort eenheid moet ook tussen gelowiges wees " Joh 17:22); dat hulle wat Hom gesien het die Vader gesien het (Joh 14:9) en dat hulle wat sy woorde ontvang in werklikheid die Vader se woorde ontvang (Joh 17:8). Dit is duidelik dat hier sprake is van 'n eenheid in gesindheid, motivering, karakter, denke, woorde en dade, maar NIE 'n eenheid in wese of essensie of persoon nie. Hierdie funksionele eenheid tussen Vader en Seun (oftewel: tussen die Almagtige en sy Verteenwoordiger) is so sterk dat eienskappe en funksies wat in sommige gedeeltes aan Yahweh toegeskryf word, in ander gedeeltes as eienskappe en funksies van Y'shua beskryf word. Enkele voorbeelde is die volgende: "die enigste Verlosser" (Jes 43:11 / Hand 5:31); "herder" (Eseg 34 / Joh 10); "Eerste en die Laaste" (Jes 44:6 / Openb 1:7,8); "die een wat julle gekoop het" (Deut 32:6 KJV / Openb 5:9); "die een wat deurboor is" (Sag 12:10 / Jes 53:5); "oorwinnaar" (Sag 14:5 / Openb 19:13); "regter" (Ps 96:13 / 2 Tim 4:1). Dit dui nie daarop dat Yahweh en Y'shua identies (of selfs gelyk) is nie, maar wel dat Y'shua as Yahweh se gevolmagtigde verteenwoordiger volledig kom doen het wat sy Vader aan Hom toevertrou het.

'n Studie van Jes 51, 52 en 53 toon aan dat die sg. "Arm van Yahweh" 'n simboliese en profetiese verwysing na Y'shua is: "WIE het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van Yahweh geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie ..." (Jes 53:1,2). In die res van die Skrif word die arm van Yahweh dikwels met verlossing in verband gebring (vgl. Deut 4:34) en die verhouding tussen Yahweh en Y'shua kan dus hiervolgens "vergelyk" word met die onlosmaaklike verhouding tussen 'n magtige persoon en sy eie arm (waarmee hy al sy magtige dade verrig). Wat Y'shua (sedert sy

geboorte hier op aarde) kom doen het, het Hy as verlengstuk van die kragtige en reddende werksaamheid van Yahweh (sedert die grondlegging van die wêreld) kom doen.

Bogenoemde verstaan van wie die Messias was (en is), mag op geen manier afbreuk doen aan die voortreflikheid en eer wat regdeur die Skrif aan Hom toegeken word nie. Tereg het Thomas in Hom 'n grootheid raakgesien wat hom laat uitroep het: "My Meester en my Elohiem" ("Elohiem" beteken "magtige" en word in uitsonderlike gevalle as titel vir mense en konings gebruik " Thomas se bedoeling was kennelik nie om Y'shua aan "die" Elohiem van hemel en aarde gelyk te stel nie). Dit wat Y'shua, veral deur sy opstanding as "eersteling" uit die dode vir ons as gelowiges tot stand gebring het, bring vir Johannes daartoe om Hom as die Eerste en die Laaste die beskryf (Openb 1:11) en bring verder mee dat die hemelse leërskare in Openb 5 uitroep: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en grootheid en lof."

Hierdie "Lam wat geslag is" is op die oomblik besig om ons redding verder uit te werk en tot voleinding te bring, waar Hy as verhoogde Meester aan die regterhand van sy Vader is en vir ons intree as ons volmaakte Hoëpriester. Ja, Hy is waarlik ons lof waardig, want deur sy volkome gehoorsaamheid aan sy Vader en sy gesindheid van offervaardigheid en selfverloëning het Hy ter wille van ons 'n werk tot stand gebring wat hier op aarde geen gelyke het nie. En wanneer ons aan Hom lof en eer toebring, is ons nie besig om 'n "tweede Opperwese" (naas Yahweh) te aanbid nie, maar gee ons bloot uitdrukking daaraan dat alles wat ons van die Vader (as die enigste Opperwese) gehoor en ontvang het, het ons deur ons Hoëpriester, Y'shua, van Hom gehoor en ontvang. Daarom is dit in sy Naam, dit wil sê in die Naam van Y'shua, dat ons ons gebede tot die Vader rig. Dit is ook in sy Naam dat ons gedoop word en in sy Naam (alleen) dat ons genesing, bevryding en verlossing kan uitspreek en verkondig. Dit verklaar hoedat die Seun Hom aan die een kant aan die Vader onderwerp het (d.w.s. die Vader as sy meerdere en sy outoriteit erken en onder meer tot die Vader gebid het), terwyl daar aan die ander kant so 'n intieme eenheid tussen Vader en Seun bestaan dat Y'shua kon gesê het "wie My gesien het, het ook die Vader gesien".

Die feit dat die Skrif verder ook in afsonderlike en persoonlike terme oor die "Afgesonderde Gees" of die Gees van Elohim of die Gees van Yahweh praat, behoort glad nie te lei tot die konklusie dat die Gees nog 'n "persoon" in die sg, "Drie-eenheid" is nie. Waarom moet ons die Gees van Yahweh as 'n afsonderlike "persoon" beskou as die Skrif in elk geval verklaar dat Elohim gees is en dat Hy in gees en waarheid aanbid moet word (Joh 4:24)? Die Afgesonderde (Heilige) Gees is niemand en niks anders nie as die Gees van Yahweh en daarom Yahweh self wat op 'n geestelike vlak in mense se lewens betrokke raak. Paulus sê immers dat net soos dit die gees van 'n mens is wat "weet" wat in 'n mens is, net so is dit die gees van Yahweh wat "weet" wat in Yahweh is (1 Kor 2:11). Net soos wat 'n mens se gees nie 'n afsonderlike persoon is omdat dit kan "weet" en kan "aanvoel" en "opstandig" en "bedroef" kan word nie, net so is die Gees van Yahweh nie 'n afsonderlike persoon omdat dit kan "weet" en kan "oortuig" en kan "getuig" nie. Net soos die Skrif aan wysheid (Spr 8) en aan liefde (1 Kor 13) en aan geregtighied en vrede (Ps 85:10) persoonlike eienskappe toeskryf (in die taalkunde staan dit bekend as personifikasie), net so word daar ook persoonlike eienskappe aan die Gees van Yahweh toegeskryf, waarmee geensins bedoel word dat die Gees 'n afsonderlike persoon van die "godheid" is nie.

Ons hoef Yahweh nie te kan begryp om Hom te kan dien en liefhê nie. Ons hoef ook nie mensgemaakte leerstellings (soos "Drie-eenheid" of "Een wese, maar drie persone") te formuleer of in die Skrif te probeer inforseer (soos wat in die ouer vertalings van 1 Joh 5:7 en heel moontlik ook met Matt 28:19 gebeur het) om sodoende die Almagtige met ons menslike denke in te perk en af te baken nie. Die sogenaamde leer van die Drie-eenheid was dalk 'n eerlike poging om 'n begrip van die Allerhoogste te vorm, maar dit het helaas nie verhoed nie dat mense 'n versplinterde persepsie van hulle Elohim gekry het en in werklikheid drie afsonderlike wesens gevisualiseer het wat onderling van "mekaar" verskil. Die Skrif laat ons eenvoudig nie toe om so oor Yahweh te dink nie.